# Hulp en Hoop

Kwartaal 2

DESEMBER 2021

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
Nanette Strauss-Botha
083 336 9326

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe


Advent : Wat is dit en waarom gedenk ons dit? 2

Popia Wet 3

Speelparkie vir kinderontwikkeling 3

Sendinginisiatief 4

Running Rebels skenk kos 4

Abraham Kriel Kinderhuis - Huis Boekenhout 4

Jeug 5

Gemeente foto's 6


## KERSBOODSKAP

Vriende so kom ons weer aan die einde van 'n jaar. 'n Jaar waarop ons tog moet reflekteer oor wat gebeur het, waarmee ons besig was en het ons by ons doelwitte uitgekom.

Na verlede jaar 2020 se COVID het ons nie geweet wat hierdie jaar vir ons gaan inhou nie. En as ons eerlik is, het die jaar ook maar gegaan soos 2 jong mense wat langarm vas dans op 'n partytjie. Een moment stap hulle reguit in een rigting net om 'n paar wilde draaie te maak, dan 'n paar tree links of regs en dan as hulle gekoes het vir die arms om hulle, gaan hulle weer so langs die dansvloer af. So was dit maar in ons gemeente gewees, met al die beplanning. Net as ons dink ons is op koers, kom daar 'n inperking of gedeeltelike inperking en dan moes ons draaie maak en na links en regs tree en nuut dink en nood planne maak.

Dit het gestrek van ons beplanning oor Jnr. Jeug, Senior Jeug, Belydenisklas, die Aksie Jonk van Gees, die Middeleeuers, fondsinsamelingsprojekte en dan ook die eredienste.

Ek dink u kan saam met my bevestig Amen-Amen die Here het voorsien!

Susan Fourie, Juanita Olivier en Tanja Pretorius en hulle span het uitstekende werk gedoen onder omstandighede met die geloofvorming van ons jong mense op Sondag oggende. Sondag aande was 'n groot seëning met die Snr. Jeug (Hoërskool jongmense) wat opgedaag het en getrou gedeel het aan die aktiwiteite. Ons het ook 'n besonderse afsluiting gehad waar ons so net oor die 30 pizzas gemaak het wat ons saam met die afsluiting geniet het. Die belydenisklas se jaar het op 'n hoogtepunt afgesluit toe 25 pragtige jong mense Belydenis van Geloof afgelê het.

Ons nuutste aanwins is ook die nuwe speelparkie wat gebou is as deel van die Jeughuis. (lees gerus Yolandie Schoeman se artikel in die uitgawe). Die speelparkie het baie potensiaal om uitgehuur te word en deel te word van die gemeente se fondsinsameling. Dan is daar ook in die nuwe jaar die koffie en tee trollie met koek, wat beskikbaar gaan wees vir ouers om te nuttig terwyl hul na hul kinders se welsyn omsien. Hier het 'n besonderse span mense na vore getree om die mooi projek te voltooi en 'n hele paar borge.

Die speelparkie is deel van 'n groter beplanning vir volgende jaar waar ons die geloofsvorming van jongmense op 'n vroeër ouderdom wil begin, om ouers te help in die vorming van hulle kinders en ook om ouers te help om kinders met waardesisteme groot te maak en hulle te help om te deel met die wêreld waarin hul hulself bevind.

As ons kyk na die fondsinsamelings projekte, het ons ook mooi daar saam gedink in moeilike omstandighede. Daar het 'n mooi basaar plaasgevind op Sterkrivier waar daardie gemeenskap saamgetrek het en 'n wonderlike basaar opgelewer het. In die Dorp was ons in grendel tyd met die basaar en het ons toe maar 'n deur ry basaar beplan en laat plaasvind. Alhoewel die basaar nie heeltemal finansieel opgelewer het, wat die gewone basaar opgelewer het nie, het daar mooi dinge gebeur wat net so belangrik is. Hoe 'n gemeente saam gestaan het, geduld gewys het op die dag, betrokke geraak het en dit het gemaak dat die dag 'n geseënde doelwit bereik het. Ons het ook 'n uitstekende Aandmark gehad waar Eugene Cooper vir ons gesing het en almal lekker gekuier het. Net so was dit ook gewees met die Jeug Gholfdag waar ons borge ouers en kinders lekker saam gespeel het.

Tog was die jaar nie net maanskyn en rose nie. Ons het ook geliefdes aan die dood afgestaan, geliefdes wat deur swaar siekte toestande gaan, swaar emosionele nood ervaar en ons weet waar ons die Kersseisoen nader, weet ons vrede, vreugde, liefde en hoop is 'n werklikheid waarmee ons die jaar kan terugkyk en weet ons het alles gedoen, kon alles hanteer omdat ons nie alleen was nie maar dat God se teenwoordigheid saam ons was.

Ons sien uit na die nuwe jaar en na alles wat ons beplan en ons doen dit met vreugde en doen dit in geloof, dat Jesus ons enigste hoop is. Ons kan opkyk en weet God seën ons sodat ons mekaar kan seën en tot seën kan wees vir die wêreld.

Dankie vir almal se betrokkenheid, deelname en die uitleef van jul gawes, en mag ons nooit ophou leef met die uitroep SOLI DEO GLORIA. Net aan God die eer, want uit God en deur God en tot God kom alle dinge.

Groete Ds Jacques

*Soli deo Gloria*



# Advent : wat is dit en waarom gedenk ons dit?

Met Kersfees vier en verkondig ons dat 'die Woord vlees geword en onder ons kom woon het' (Joh 1:14). Advent is nie dieselfde as Kersfees nie, maar is 'n **tyd van verwagting en voorbereiding op die koms van Christus. Die woord Advent beteken ook letterlik 'koms'.**

As Christene vier ons nie die Adventstyd asof Christus nog nie gebore is nie, ons vier dit met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Tog ervaar, vier en verkondig ons in dié tyd iets van die hoop waarmee Israel in donker en uitsiglose tye op die koms van die Messias gewag het.

Op hierdie wyse is Advent 'n tyd vir **terugkyk na Israel se verwagting van die Messias, én ook 'n vooruit kyk na die wederkoms as finale gestalte van Christus se triomf** oor die magte van sonde en dood wat met die gebeure van Paassondag 'n werklikheid geword het.

Advent dra dus die betekenis van swangerskap en afwagting. Ons verlang na die geboorte (lees ook: wederkoms) van die Seun. Ons hele lewe word op die een of ander manier spandeer in afwagting – gebeure van hoop, verwagting en onvoltooide verlossing.

Waar 'om te wag' in ons gejaagde, moderne samelewing geassosieer word met 'n vermorsing, wil Advent ons leer om geduldig te wag op die Here. Om te wag word 'n kuns waarin geleer word dat (soos in die geval van swangerskap) niks van waarde tereg kan kom sonder 'n tyd van stille ontwikkeling nie. Daarom dat simbole soos om te bak, fermentering, rypwording alles dui op 'n proses van wat besig is om te word. So berei ons onsself voor vir die viering van Kersfees én Christus se wederkoms.

**Wat vier ons in Advent?**

Advent is nie net 'n voorbereidingstyd op Christus se eerste koms nie, maar ook op die tweede. In die Adventstyd leef daar iets van die spanning dat Christus reeds gekom het, maar ook dat Hy weer sal kom. Advent is die tyd waartydens ons onsself opnuut inleef in die wonder van die menswording van Christus. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons ewens te verwelkom. Ons leef ook in die verwagting dat die Verlosser weer gaan kom en daarom is ons gebed: maranata (kom tog gou, Here!). Ons viering hiervan staan dus nie in die teken van boetedoening nie, maar van vreugde en afwagting. Ons vier fees in 'n gees van voorbereiding en geduld. Dit maak van Kersfees self 'n ryker ervaring.

Advent is dus 'n tyd van herinnering en verwagting. Die eerste week week tema vreugde. Die tweede week se tema is verkondiging. Die derde week se tema is is verwagting. Die vierde week se tema is reinheid.

**Wanneer vier ons Advent?**

Die kerklike jaar begin met die eerste Sondag van Advent. In Suid-Afrika gaan die betekenis van Advent maklik verlore tussen al die afsluitingsfunksies, gejaag van die vakansie en voorbereidings vir die feestyd. Tog bied die Adventstyd ons die geleentheid om van die haastige kommersialisme voor Kersfees te ontsnap en ons voor te berei op die wonder en misterie van Christus se menswording.

Daar is **vier Adventsondae voor Kersfees**, waartydens ons vanuit verskillende perspektiewe met verwagting op die koms van Christus voorberei. Advent strek dus gewoonlik oor so bietjie meer as vier weke. Die tweeledige fokus van Advent word ook gereflekteer in die vier Adventsondae. Waar die Adventstyd begin met 'n fokus op Christus se tweede koms, verskuif dit stelselmatig na sy geboorte (wat dan uitloop op Kersdagvieringe). In werklikheid word ons reeds tyens die laaste drie Sondae van die vorige Koninkrykstyd (wat oorgaan in Adventstyd) reeds voorberei vir 'n Fokus op Christus se wederkoms met temas wat reeds dan al daarop konsentreer.



Die eerste Sondag van Advent is dan baie spesifiek tematies gekoppel aan die wederkoms. Tydens die tweede en derde Sondae in Advent kom daar reeds 'n verskuiwing, met konsentrasie op die Messiaanse boodskap van Johannes die Doper. Die vierde Sondag antisipeer dan baie spesifiek die geboorte van Christus.

**Waar kom die tradisie van Advent vandaan?**

Die voorbereiding vir Kersfees het 'n lang tradisie. Reeds so vroeg as in die vierde eeu nC is daar in Spanje en Frankryk begin met liturgieë wat dui op die kerklike voorbereiding vir Kersfees. In die sesde eeu is soortgelyke liturgieë ook in Rome in gebruik geneem. In Rome was dit aanvanklik egter net bekend as 'n enkele dag se vas ter voorbereiding van Kersfees. Gregorius die Grote was die eerste persoon wat die lengte van Advent vasgestel het op vier weke. Die tema van die Tweede Koms van Christus was altyd dominant in hierdie kerklike seisoen. Tot so laat as die twaalfde eeu was dit beskou as 'n tyd waarin wit klere gedra is en die Gloria in Excelsis gesing is.

**Simbole en rituele in Advent**

In Adventstyd word die hoop op Christus gevier in die eredienste, maar ook in jou persoonlike lewe. Dit is 'n besondere simboolryke tyd en bied die geleentheid om deur allerlei simbole en rituele ons geloof te vier.

- Sedert die 16de eeu is purper die gebruiklike kleur vir Advent in die Westerse kerk. Soms is blou ook gebruik. In die antieke wêreld was purper die koninklike kleur omdat net die koninklikes die kleurstof kon bekostig. Een van die sterk visuele hulpmiddels in dié tyd is die sogenaamde Adventskrans. Dit bestaan meesal uit vier kerse en 'n groter wit Christuskers in die middel. Drie van die kerse is purper of donkerblou en 'n vierde rooskleurig. Dit kan bydra tot die gevoel van verwagting deur op elke Adventsondag 'n kers aan te steek. Die gebruik om gewoonlik elke Sondag 'n kers aan te steek, terwyl die vorige kerse wat aangesteek is bly brand met die aansteek van 'n volgende kers. So brand al vier kerse tydens die vierde Sondag, terwyl die groot wit Christuskers in die middel op Kersdag aangesteek word. Die rooskleurige kers, wat juis 'n uitsondering van die ander kerse is, word gewoonlik op die derde Sondag aangesteek deurdat hierdie Sondag se kers geassosieer word met die vreugde wat tiperend is van ons Adventvieringe. Die Adventskrans self leen dit uitstekend tot veral skool- en gesinsaktiwiteite rondom die betekenis van Adventstyd. Vir kinders is dit 'n uitstekende manier om die betekenis van 'om te wag' oor die vier weke tot en met Kersdag tuis te bring.

  In baie tradisies is dit ook 'n bekende gebruik om kinders in Adventstyd te betrek by die maak van 'n Adventskalender. 'n Adventskalender help ons om die dae af te tel na Kersfees toe, en bring dus ook iets tuis van afwagting en 'n geduldige wag waarvan Advent die betekenis dra. Een van die gewildste vorme van so 'n kalender is dat dit in die vorm van 'n huis is met vier vensters en een deur. Dit word gewoonlik op karton geteken en gemaak, maar op so 'n manier dat die venstertjies en deur kan oopmaak. Verskillende kinders kan dan verantwoordelikheid aanvaar vir 'n venstertjie en iets daaragter teken of plak wat met die Kersboodskap geassosieer word. Elke Sondag is dit dan deel van die verrassing dat een so 'n venstertjie oopgemaak word, terwyl die deur op Kersdag self oopgemaak word.
- Die gebruik van die Kersboom is baie bekend. Tog het dit 'n sterker godsdienstige betekenis as wat die meeste mense vermoed. Die Kersboom verwys terug na die boom van die lewe in die tuin. Die boom herinner ons so aan die skepping, asook dat Christus weer sal kom om die skepping te verlos (Rom 8:19- 20). Die voorbereiding en versiering van die Kersboom kan iets van die voorbereiding en wag op die koms van die Koning weerspieël.
- Die tradisie van die Isai-stomp sluit aan by die teksvers uit Jes 11:1, waar ons lees dat 'n takkie uit die stomp van Isai sal uitspruit. Volgens tradisie word die stomp van Isai (ook genoem die familieboom van Jesus) gesimboliseer deur 'n droë stomp met 'n rooi lint daarom.
- Woorde soos Maranata (kom, Here Jesus) en Immanuel (God met ons) kan 'n sentrale plek in Adventstyd inneem en vir kinders verduidelik word.
- Die gedagtes van wag en waak is sentraal in Adventstyd, en stilte is hiervoor belangrik. Stilte kan juis as alternatief dien op die gejaag en geraas wat dikwels met die tyd voor Kersfees gepaardgaan.

Die sing van Kersliedere in eredienste en by ander byeenkomste dra by tot die viering van die Adventstyd.

**Kleure in Advent en met Kersfees**

Die kleure in Advent moet ons herinner aan die koms van die Koning. Die mees algemene kleure wat gebruik word, is daarom **koningsblou en purper**. (Let wel – nie pers nie).

Op Kersdag is die kleure wit en goud. Hierdie kleure kan gebruik word ook in die dae na Kersfees tot Epifanie, die 6de Januarie. Die kleur verander dan na groen.

*Bron: Wes-Kaapland Vrouebediening*




## POPIA WET

**Wet op beskerming van persoonlike inligting**
Die wet het op 1 Julie 2021 in werking getree en alle organisasies (gemeentes ens) moes teen 30 Junie 2021 aan die wetlike vereistes voldoen.

**D**ie Kerkraad het die Popia Inligtingsbeleid van NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk aanvaar. En sal jaarliks aangepas word soos die behoefte bestaan.

Lidmate wat graag insae wou hê in die beleid is welkom om die kerkkantoor te skakel.

Lidmate is ook vroeer bewus gemaak van die wet en die vereistes daarrondom. Sowel as inligting wat op op ons lidmaat-databasis gehuisves word. nl Persoonlike inligting en waar van toepassing, gesinsinligting. Finansiële inligting - tov ons maandelikse debietorder stelsel, bank-deposito's ('EFT's' ten gunste van die gemeente) ens.

Persoonlike inligting en of finansiële inligting wat die gemeente huisves, word uitsluitlik gebruik vir die doeleindes van (a) die bestuur van die gemeente se aktiwiteite, en (b) kommunikasie met die gemeentelede. Dit word onder geen omstandighede aan enige 3rde party beskikbaar gestel, of vir enige ander doel aangewend nie. Die nodige veiligheidsmaatreëls is in plek (beide fisies, sowel as data / elektronies) om die inligting wat ons huisves, tot 'n redelike mate te beskerm en te bewaar.

Lidmate het wel ter enige tyd die reg om insae te hê in watter inligting die gemeente aangaande persoonlik (en waar van toepassing, u gesin) huisves.

U het ook die reg om ter enige tyd te versoek om van die databasis verwyder te word. U het verder ter enige tyd die vermoë om uself van die gemeente se kommunikasie kanale nl WhatsApp, E-pos, Sms'e asook sosiale netwerke te verwyder.

In terme van die wet is die gemeente se aangestelde Inligtingsbeampte, Anita Hurn (Admin Beampte). Skakel haar gerus by die kerkkantoor 015 491 3537 of e-os admin@ngpottiessuid org .co.za met enige navrae.

*Lukas 18:16"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. 17Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."*

## SPEELPARKIE VIR KINDER ONTWIKKELING

Die uitbreiding en daarna die verskuiwing van die speelparkie was nie net 'n droom van 'n paar lidmate van die gemeente nie maar ook 'n groot behoefte wat raakgesien is waar jong gesinne met hul kinders in 'n veilige omgewing kan kom speel en baljaar.

Die kerkraad het ook besef dat kerkwees in die huidige omstandighede agv die Covid pandemie baie anders gaan wees in die toekoms. Dis belangrik dat ons, ons terrein as gemeenskapskerk optimaal benut.

'n Klompie ouers het saam die droom gedeel en met hulle inisiatief en dryfkrag is die speelparkie ingerig. Bestaande sowel as nuwe toerusting is gebruik, vir speel en leer aktiwiteite.

Op 22 Oktober is ons parkie amptelik in gebruik geneem. Baie dankie aan elke ouer wat sy kreatiwiteit en hulp kom aanbied het.

***Maar het jy al gewonder wat die doel van 'n speelparkie is, anders as om net kinders besig te hou?***

In die tye waarin ons vandag leef kan die kinders nie meer vrylik speel en beweeg nie. Baie mense bly in woonstelle of meenthuise waar daar nie 'n groot tuin is om in te speel of bome is om in te klim nie. Vir veiligheidsredes kan kinders nie meer met hulle fietse alleen skool toe ry of net in die parkie bal skop nie. Die gevolg is dat kinders nie meer beweeg en spontaan dinge ontdek nie. Kinders sit voor die televisie, op hulle fone of speel rekenaarspeletjies. Hulle spiere ontwikkel nie optimaal nie en dus lei emosionele en sosiale ontwikkeling asook kognitiewe ontwikkeling ook daaronder.

Ons sien al hoe meer kinders met leer- of gedragsprobleme op skool en dit is omdat hulle fondasies nie reg ontwikkel het deur speel en beweging nie. Speel is van kardinale belang vir kinder- en fisiese ontwikkeling (algemene beweging, balans, koördinasie, middellyn kruising), emosionele en sosiale ontwikkeling (wat insluit onafhanklikheid, impuls beheer en konsentrasie) en ook kognitiewe ontwikkeling (soos byvoorbeeld geheuevaardigheide, visuele- en ouditiewe persepsie, ruimtelike oriëntasie, probleem oplossingsvaardighede, taalvaardighede en kreatiewe denke).

**'n Sterk lyfie = 'n sterk brein.**

Vir hierdie rede rig ons 'n parkie in waar die kinders veilig kan speel en op verskeie vlakke gestimuleer kan word. Die toerusting wat ons gekies het, het alles ontwikkelingsvoordele. Byvoorbeeld, daar is 3 middellyne wat kinders moet leer kruis:

Voorste en agterste dele van die liggaam
Boonste en onderste dele van die liggaam
Linker en regterkante van die liggaam

Dit word ontwikkel deur 'n swaai of aapstawe vir voor en agter bewegings, wipplank, glyplank, leertjies of trampolien vir op en afbewegings, klimraam vir linker- en regterkant bewegings ensovoorts. Ons het ook aktiwiteite op die plaveisel geverf wat kinders motiveer om te hardloop en spring en al die middellyne te kruis.

Daar is 'n sensoriese bord en paadjie gebou wat die kinders se sintuie ontwikkel. Daar kan hulle aan verskillende teksture vat en voel om hul tassintuig te ontwikkel. Daar is klokkies en instrumente wat geluide maak en goed wat beweeg en draai om hul gehoor en sintuig te ontwikkel. Daar is verkillende kleure en vorms vir visuele stimulering en goed wat oop en toe maak of vas maak vir fyn motoriese ontwikkeling.

Ons hoop dat kinders hier speel-speel kan ontwikkel en in 'n veilige plek verhoudings kan bou. Ons hoop ons kan hierdeur die gemeente bymekaar bring.

Sien gerus ons advertensie hieronder vir meer inligting



# SENDINGINISIATIEF



Matteus 28:19
*"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:"*

**Belangrike sendinginisiatiewe in krisis: 1 November, 2021**

**Bediening aan Buitelandse Studente op Stellenbosch** onder leiding van Jurie en Magdaleen Goosen: Vir jare het hierdie baie verdienstelike en vrugbare bediening gebuk gegaan onder voortdurende finansiële druk. Die ontwrigtings wat deur Covid-19 veroorsaak is, het dit nou op 'n krisispunt gebring – tot die punt waar dit die voortbestaan van die bediening bedreig word. Binne die volgende aantal maande sal daar 'n besluit geneem moet word of Ds Jurie Goosen op vervroegde aftrede sal moet gaan.

**Omaheke Sending in Oos Namibië** onder leiding van Ds. Henk en Betsie Olwage: Hierdie bediening verskaf geestelike en sosio-ekonomiese dienste aan gemarginaliseerde gemeenskappe soos die San. Geldnood het veroorsaak dat Betsie in Gobabis moes gaan werk om die pot aan die kook te hou. Ingrypende besluite sal eersdaags oor hierdie bediening geneem moet word.

Daarom het die Sendingkomitee en die Versorgingsvergadering ook die besluit geneem om 'n buitengewone R10 000 betaling aan hulle te maak.

Ons vra ernstige voorbidding en betrokkendheid by hierdie saak.

Die goeie nuus is dat die Sendingfonds tans in staat is om sodanige buitegewone uitbetalings te kan maak. Teen die einde van Oktober 2021 het die Sendingfonds op R262 898 gestaan. Saam met die buitegewone betalings, sal vanjaar se uitbetalings R54 000 beloop – verreweg die meeste in 'n kalender jaar. Kumulatiewe uitbetalings sal dan sowat R254 000 bereik.

Met die ander bedienings gaan dit tans goed.

**Johan en Este de Nysschen se Panama-bediening**: Johan se finansiële administratiewe diens aan Operasie Mobilisasie se bediening in Sentraal Amerika brei steeds uit en strek oor 'n hele aantal lande. Ons verwelkom ook Launa Engelbrecht as deel van die span. Sy het 'n soortgelyke bediening as Johan de Nysschen in Operasie Mobilisasie se Suid-Afrikaanse sendingbediening.

**Erik en Hester van Zyl: Kunene-sending**. Die HERE het hulle in staat gestel om grootskaalse noodleniging in die barre Kunene in die noordweste van Namibië tot in Angola te verleen. Ons hoop en gebed is dat daar uitkoms uit die uiterste droogte mag kom.

Ons ondersteun ook verskeie sendingpare wat onder die Moslems werk. Weens veiligheidsredes verskaf ons geen verdere inligting nie behalwe dat hulle in strategiese posisies is en 'n behoefte het dat die HERE die geestelik hongeres na hulle sal stuur.

Mag die HERE ons harte verruim sodat ons meer vir hierdie kosbare stryders op die frontlinie kan doen, want net die HERE kan laat groei en ons die vrugte laat dra wat tot in die ewigheid strek.
Baie dankie vir elke bydrae en elke gebed. En moet asseblief nie ophou om te gee en te bid nie.

Ons leuse kom uit Luk 16v10: "Wees getrou in die klein dingetjies dan sal julle ook in die groot dinge getrou wees." Elke R100 maak wel 'n verskil!

Skakel Du Toit Malan by 0677447745 of kontak die kerkkantoor as jy betrokke wil raak.

## Running Rebbels skenk kos



1 Joh 4:7Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. 8Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. 9Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê.

Hierdie pragtige jong mense van Running Rebels Atletiek Klub, het besluit om kos in te samel vir behoeftige mense. Hul het besef as ons gedring word met God se liefde, al is dit n klein verskil, kan dit n groot leemte vul in iemand se lewe.

Ons is dankbaar vir hulle voorbeeld, die leiers van die toekoms!

# ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS - HUIS BOEKENHOUT

Die Abraham Kriel Kinderhuis is deel van die Versorgingsaksie van NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk.

Daar is oor die algemeen so 180 kinders by die hele kinderhuis.

Ons Gemeente ondersteun die seunshuis "Boekenhout" waar daar op die oomblik 10 seuns tussen die ouderdomme 7 tot 15 jaar oud is. Hulle het baie goeie en liefdevolle "ouers" wat na hulle omsien (Kobus en Annemarie) en die seuns is baie lief vir hulle.

Daar is 'n hoofkombuis by die kinderhuis wat die volgende verskaf aan elke huis :

- Ontbyt – mieliepap en Oats
- Middagete – gewoonlik gebalanseerde ete soos vleis, groente, pasta, rys
- Aandete – brood (kry 1 houer Grondboontjiebotter en 5L Stroop per maand)

  Aanmaak koeldrank en souse (Tamatiesous, Bladjan, Mayonaise, Mostert) word slegs uitgedeel as daar 'n donasie ontvang word.

Ons gemeente maar ook vanuit die gemeenskap stuur maandeliks donasies (kruideniers, klere en speelgoed ens) na Huis Boekenhout.

<u>**Die kruideniers wat ons deurvat sluit in**</u> :

- Smeergoed (Kaassmeer, Bovril, nog 2 houers Grondboontjiebotter, stroop)
- Ontbyt pap (Morvite, Weetbix/ Nutrifix, Cornflakes)
- 2 Minute Noodles
- Tuna
- Souse (Tamatiesous, Mayonaise, Bladjan)
- Tandepasta
- Badseep
- 2 in 1 Sjampoe
- Wasgoedseep en Stasoft (Elke huis kry net beperkte hoeveelheid – Annemarie moet self die kinders se skoolklere en onderklere was, die ander klere word by die kinderhuis se wassery gewas)

Kobus en Annemarie koop maandeliks ekstra goedjies uit hulle sak soos lekkergoed, rooiworsies, aanmaak koeldrank, kaas ens. Annemarie maak ook baie aande vir hulle ander kos en Kobus braai ook soms vir die seuns.

Ons is ook bevoorreg om 'n Tannie te hê wat vir die seuns die heerlikste koekies bak en saamstuur. Hulle is mal daaroor.

Ons hou vir die kinders ook nou en dan 'n lekker braai en kuier dan ook die dag saam met hulle.

Die Jaarafsluiting saam met die seuns het plaasgevind by Bouncy Croc. Van die kinders het vir die eerste keer 'n lewendige krokodil gesien en kon selfs aan een vat. Die kinders het die dag vreeslik geniet. Kersgeskenke word ook binnekort by die huis uitgedeel

Lidmate wat graag ook by die Kinderhuis betrokke wil raak is welkom om met Susan Fourie (073 770 3993) te skakel vir meer inligtins ens.







# Belydenisaflegging

7 November 2021

TEMA : Is jy nog besig om te dans vir God?

### Jongmense wat Belydenis van Geloof afgelê het

Brendan Blignaut
Myburgh Brits
Armand Cronjé
Sarien De Beer
Michael De Beer
Francois Du Toit
Ryno Greyling
Waldo Greyling

Tiaan Grové
Henco Hugo
Fouché Grobler
Kuno Joubert
Ruard Nel
JD Opperman
Armand Pienaar
Aldrich Rossouw

Dillon Schamrel
Douw Steyn
Amoné Swart
Jeska Tiersma
Zandri Tolmay
HJ Van Der Nest
Sj Van Heerden
Anemieke Van Niekerk
Marnus Venter



## BELYDENISKLAS-KAMP

Die Belydenisklas kamp was hierdie jaar op 'n ander manier aangebied as waaraan meeste van ons gewoond was. Agv beperkte tyd en skole sport was besluit om twee dae in te ruim vir die finale voorbereiding van ons jongmense tov hul belydenis van geloof.

Die eerste groep jongmense het op 'n Vrydag-aand en die tweede groep op 'n Saterdagoggend bymekaar gekom.

Die vier belangrike vrae rondom die geloofsbelydenis vir die finale afronding van die belangrike jaar is hanteer waarna ook individuele onderhoude met lede van die Kerkraad plaasgevind

Maar tussen die harde werk was daar darem tyd om lekker te kon eet. En 'n blaaskans te kon vat Die naweek is ouergewoonte afgesluit met 'n erediens wat dieur die Belydenisklas gelei is. Annemieke van Niekerk het 'n treffende boodskap gelewer met haar klasmaats se ondersteuning.

Baie dankie aan ons Kerkraadslede wat hier betrokke was asook die ouers wat gehelp het met die voorbereiding van die kos.

Laaste maar glad nie die minste wil ons ook vir oom Neels Myburgh dankie sê vir sy aandeel in die voorbereiding van ons jongmense, wat nie op Sondagaande die klasse kon bywoon nie.

## JEUG EN KATEGESE

Ons het 'n jaar vol uitdagings gehad, maar ons het die beste van ons kinderdienste, kategese en aanddienste gemaak.

Ons het kinderdienste Sondae oggende 9h00 vir voorskool tot Gr7 aangebied. Dit het gelyklopend met oggenddiens plaasgevind. Gedurende die kinderdienste was daar ook 'n kort algemene lessie of video gewys en bespreek, waarna die kinders opgedeel het in hulle onderskeie kategese klassies. Frikkie en Hes het ook natuurlik gereeld kom kuier en die kinders vermaak (poppekas). Ons het liedjies gesing, verjaarsdae gevier en lekkergoed geëet.

Kategese groepe het vir elke graad 'n kategeet gehad wat d.m.v 'n whatsapp groepie in verbinding met hulle kinders en ouers was. Ons materiaal wat ons gebruik het was die Odos reeks en daar was weekliks 'n lessie vir elke graad wat dmv 'n Youtube skakel aan die ouers gestuur is. Op die manier het ons, ons ouers betrek om dan saam met die kinders na die video kyk, bietjie daaroor gesels en hulle help met die aktiwiteite in hulle boekies. Die lessie is dan op Sondae oggende gedurende die kategese saam met die kategeet bespreek.

Belydenisklas het plaasgevind op Sondag middae vanaf 17h00 tot 18h00.

Direk daarna om 18h15 het ons afgeskop met byeenkomste vir Hoërskool Jongmense wat die aanddienste vervang het. Met die aankoms kon hulle lekker cuppachino / milo/ koffie/koekies ens kry in ons koffiehoekie. Dit het almal dadelik gemaklik en gesellig laat voel.

Ons het die boekie "Facebook" met hulle behandel. Die lessies is in 'n groot groep bespreek en dan het elke graad saam met die kategeet die vrae behandel en verder bespreek.

Na afloop van die gesprekke het JA-Aand begin. Dan was daar speletjies gespeel soos volleyball, "mini Olympics", 'Spy Game", "musical chairs" en Bybelvasvrae gehad en moenie die roomys eet vergeet nie!

Daar was ook 2 fliek aande waar ons na die flieks God's Not Dead 1 en 2 gekyk het.

Ons het die jaar afgesluit met 'n lekker pizza aand, Ds Jacques moet behoorlik spring om sowat 30 pizzas deur die oond te jaag. Dit was 'n heerlike ontspanne en gesellige kuier saam met die kinders.




DEURRY BASAAR

JEUG-GHOLFDAG

AANDMARK

PANNEKOEKBAK BY OUETEHUIS BASAAR